# PROF HB THOM SE BYDRAE TOT DIE US

**Toespraak deur prof Russel Botman, rektor en visekanselier, by die bekendstelling van die HB Thom-katalogus in die JS Gericke-biblioteek, 10 November 2010**

Dames en here, goeie naand en baie welkom aan almal van u.

Hier is vanaand mense hier teenwoordig wat diep spore op Maties getrap het, en nog steeds trap. Dít geld natuurlik ook die man wat ons vanaand in herinnering roep – prof HB Thom, wat hier ʼn student, studenteraadslid, dosent, professor, rektor en kanselier was.

Hy was so ʼn bietjie voor my tyd, so ek het hom nie persoonlik geken nie, maar niemand op Stellenbosch kan sy nalatenskap miskyk nie. As mens ʼn paar bronne oor hom raadpleeg, blyk dit hy word onder meer onthou as ʼn "uitstekende student", "briljante akademikus", "gesaghebbende historikus", "inspirerende dosent", "onkreukbare opvoedkundige" en "sterk leier" (Kotzé, 1969; Esterhuizen, 2005).

Hy het veral sy merk gemaak in die 16 jaar wat hy rektor was – van 1954 tot 1969. Stellenbosch het onder Prof Thom se leiding vinnig en sterk gegroei, met nuwe fakulteite, studierigtings, koshuise en geboue. Sy nalatenskap strek egter veel verder as die tasbare, en hier begin dinge nou regtig interessant raak. Kom ek verduidelik wat ek bedoel deur Prof Thom aan te haal:

> *Die vergesigte wat die nuwe Suid-Afrika van die toekoms vir ons bied, sal verwesenlik moet word, en die Universiteit van Stellenbosch sal seer seker nie met gevoude hande opsy gaan staan nie* (Universiteit van Stellenbosch, 1960).

Die "nuwe Suid-Afrika" wat hier ter sprake is, is nie die een van 1994 nie – dis die Republiek van Suid-Afrika wat op 31 Mei 1961 tot stand gekom het.

Die aanhaling kom uit ʼn brosjure van die Universiteit wat in 1960 uitgegee is, toe ʼn Eeufeesfonds gestig is in die aanloop tot die viering van 100 jaar van hoër onderwys op Stellenbosch in 1966, ter herdenking van die stigting van Stellenbosch Gimnasium in 1866.

Wat my veral opval, is dat daar destyds in die 1960-brosjure ʼn verband gelê word tussen die Universiteit en sy rol in die samelewing. Eintlik moet ek sê "destyds al", want relevansie is natuurlik tans ʼn sterk fokus van die Universiteit se huidige vrae en denke.

Die vraag is net na watter "vergesigte" het HB Thom verwys? Hy het self inhoud hieraan gegee – in toesprake wat opgeneem is in die boek oor hom wat die Universiteit met sy aftrede in 1969 uitgegee het (Kotzé, 1969).

Die titel van die betrokke hoofstuk is "Stellenbosch as ware Volksuniversiteit". Hieruit blyk dit hy het Stellenbosch beskou as ʼn instelling wat "uit die nood van die Afrikanervolk gebore" is, en "in ʼn diepe behoefte van die volk voorsien het".

Nou kyk, ons is almal maar kinders van ons tyd, en dieselfde geld Prof Thom. Dit was ʼn ander tyd daardie – ʼn ander universiteit, ʼn ander land. Hy het tydens sy termyn as rektor ook gedien as stigtersvoorsitter van die Raad van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland, wat later UWK sou word, waar ek al my universitêre opleiding onvang het. En hier staan ek nou vandag – ook maar ʼn kind van my tyd.

Daar is sterk ooreenkomste tussen destyds en nou. As ons na ŉ tweede aanhaling van prof Thom kyk, hoor ons die eggo's weerklink. Hy sê die vraag of ŉ universiteit werklik ŉ volksuniversiteit is, hang af daarvan af of hy produkte oplewer wat "op velerlei terreine as ware leiers van die volk daarbuite optree", "manne en vroue ... wat hulle ... op onbaatsugtige wyse in die midde van die volk diensbaar stel" (Kotzé, 1969).

As ŉ mens "volk" met "land" of "nasie" vervang, sou dié aanhaling heeltemal goed inpas by ons huidige raamwerk aan die US – en ek bedoel nie net die HOOP Projek, wat in 2007 beslag begin kry het nie (US, 2010).

Ek bedoel ook die beleidsdokument wat die grondslag vir dié inisiatief gelê het, die Universiteit se *Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarná*, wat in die jaar 2000 onder my destydse voorganger, prof Andreas van Wyk, deur die Raad aanvaar is (US, 2000).

Hierin verbind die Universiteit hom tot die "regstelling van die ongeregtighede van die verlede", en dan word daar twee begrippe onder "regstelling" uitgepak, naamlik:

- gelykberegtiging ten opsigte van die samestelling van ons personeel- en studentekorps; en
- dienslewering aan die samelewing, veral aan behoeftige gemeenskappe en individue.

Dit is dus duidelik dat daar ŉ ononderbroke lyn deurloop van die tyd toe Stellenbosch as "volksuniversiteit" beskou is tot die huidige siening dat ons ŉ "nasionale bate" vir alle Suid-Afrikaners is (Botman, 2010).

Ons is weer terug by dieselfde soort vrae as wat in Prof Thom se tyd gestel is. In ŉ nuwe konteks stel ons ou vrae sodat ons – soos toe – oplossings kan vind vir die uitdagings wat ons voortdurend in die gesig staar.

Juis daarom is dit belangrik dat ŉ nalatenskap soos dié versameling dokumente van prof HB Thom bewaar word – sodat ons daarin kan delf en daaruit kan leer. So ontwikkel volgende geslagte ŉ gevoel vir die evolusie van hul lewenswêreld en hul alma mater.

Namens die universiteit bedank ek dus die Thom Trust, wie se skenkings die bewaring en ontsluiting van hierdie versameling dokumente moontlik maak. Die denkreis wat studente en navorsers hier onderneem sal nou soveel ryker kan wees.

My gelukwense aan die biblioteek, spesifiek die personeellede wat by hierdie versameling betrokke is, vir uitstekende werk.

Dít dien as voorbeeld van die ander nalatenskap van prof Thom wat vir Stellenbosch belangrik is – sy klem op uitnemendheid.

Saam loop dié twee aspekte – dienslewering aan die gemeenskap, en akademiese uitnemendheid – soos ŉ goue draad deur die geskiedenis van Stellenbosch, reg van die begin af.

Óns uitdaging is om op hierdie patroon voort te borduur, maar op innoverende manier, sodat die Universiteit – in HB Thom se woorde – soos "ŉ lig" sal skyn, egter nie net vir "die volk" nie, maar veel breër, vir die land en vasteland en mensdom in geheel. Ek dank u.

## BRONNELYS EN VERWYSINGS

**Botman, Russel**. 2010. *Amsterdamse bekendstelling van die HOOP Projek.* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: http://www.sun.ac.za/university/Management/rektor/docs/HOOP_Amsterdam.pdf

**Esterhuizen, Johan**. 2005. *The H.B. Thom Theatre: An evaluation of its potential as a regional arts and culture centre*. Master's Degree thesis (Drama). Stellenbosch: Stellenbosch University:. URL: https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/2124

**Kotzé, DJ**, et al. 1969. *Professor H.B. Thom*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

**Universiteit Stellenbosch (US)**. 2000. *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná*. URL: *www.sun.ac.za/university/stratplan/strat_afr.htm*

**Universiteit Stellenbosch (US).** 2010. *Die HOOP Projek*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. URL: www.diehoopprojek.co.za

**Universiteit van Stellenbosch**. 1960. *Eeufees Brosjure.* Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery Beperk.